### *Julius trek fel teen die leer*

**124** Na hierdie toespraak van hoofman Julius trek die fariseërs hulle heeltemal verbouereerd terug en beraadslaag onder mekaar wat raadsaam sou wees. Eén meen dat die getuienis soos deur die hoofman gegee, My toekom.

[2] Maar **die owerste** sê: "Hoe kan ons dit doen as Hy die wette van die tempel verag en met Sy voete vertrap?! As ons dit maar vir die skyn doen, help dit ons niks, ter gelegener tyd sou mens dit deur ons opgestelde getuienis openbaar maak, en alle skuld en straf sou ons dan tref! Laat ons liewer die hoofman sy sin gee, dan het ons in geval van nood `n goeie rede om ons voor ons hoëpriester te verontskuldig!" - Met hierdie beslissing is alle fariseërs en skrifgeleerdes dit weldra eens, en hulle raak uiteindelik heeltemal stom en praat geen woord verder nie.

[3] Toe staan **Ek** met `n ernstige gesig op, wend My tot die owerste en sê aan hom: "Dus, vanweë die wat nie hou van u goddelose, menslike voorskrifte nie, kan en wil u My geen getuienis gee omdat u bang is vir u eie ellendige liggaam? O, as u vir My `n getuienis gegee het, hoe geseënd sou u geword het, sowel tydelik as ewig, maar nou kan dit nie meer nie! Die Seun van die Mens sal nooit weer `n getuienis van u nodig hê nie, want Sy werke en Sy woorde gee aan Hom ware getuienis! Sodat u en u metgeselle egter sien dat die Seun van die Mens geen angs het vir die mense nie, sal Ek in u teenwoordigheid nou aan almal van die volk sê dat aan die hou van u voorskrifte niks geleë is nie, en dat diegene wat hulleself hou aan wat u voorskryf, `n groot sonde voor Elohim begaan!"

[4] **Die owerste** sê: Moet dit nie doen nie, anders sal dit sleg met U gaan!"

[5] **Die hoofman** sê: "Ja, dit doen Hy wel, en Hy sal kwalik iets oorkom! Onthou dit, ellendige geldwolwe! Hierdie het voorheen vir julle gesê, maar één verdagte beweging van julle en ek laat julle in stukke haak en in die see werp as voer vir die drake, so waar as wat ek Julius heet! Kan julle die booswigte sien! Die geskiedenis toon dat die tempelpriesters al meer as driehonderd jaar aan geen mens iets goeds gedoen het nie. En as daar so nou en dan `n hoogstaande siel onder hulle was, dan doen hulle daarmee wat hulle na my wete dertig jaar gelede met die vrome regskape Sagaría gedoen het. As daar onder hulle geloofsgenote iemand vol waarheid, eerlikheid en krag van Elohim opstaan en die arme mense met alle soorte weldade oorlaai, dan is hierdie booswigte ook dadelik daarby om hom te vernietig! O, aan julle miserabele praktyke moet gou `n einde gemaak word!

[6] Kyk, hierdie waaragtige Man van Elohim het na hierdie streek gekom, wat vanweë haar ongesonde ligging alombekend is. Daar was hier in die hele streek `n paar duisend siekes - plaaslik en vreemdes - selfs die helfte van my soldate was deur hinderlike en kwaai koors neergevel, menigeen al vir meer as `n jaar. Toe het hierdie suiwer goddelike Mens hierheen gekom en het almal genees wat om hulp gevra het. Moet `n mens vir so `n Man nie met reg `n altaar bou nie, en aan Hom soos aan `n God offer en Hom op alle denkbare maniere eer en salf nie? Maar watter goed het julle Hom bewys toe julle hierheen gekom het? Die kelder en voorraadkamer van Ebahl sal weldra honderd geldstukke minder werd wees!

[7] En as dank dat julle orals soos wolwe verniet vreet, wil julle ook nog ons grootste Weldoener vernietig! `n Mens, aan wie julle dit slegs te danke het dat Cyrenius nie dadelik die hele leërmag in Asië laat opruk het en julle afskuwelike rowers- en hoernes tot op die grond verwoes het nie! Nee, dit is te veel as `n mens oor julle skandalige dade nadink! Om te voorkom dat julle bedrieëry, wat julle as goddelike sake aan die volk verkoop, verraai sou word, probeer julle met alle liste van satan selfs julle grootste vriende en weldoeners uit die weg ruim as julle by hulle die een of ander goddelike lig vermoed! Sê self of julle nie baie slegter is as satan self nie!?"

[8] Nou wend **die hoofman** hom tot My en sê: "Majesteit en Meester uit die skool van Elohim, leer ons onbevreesd die waarheid, en wat die volk in die vervolg moet doen met betrekking tot die menslike voorskrifte! Ek weet dat hemel en aarde en alle elemente U gehoorsaam, en dat U met die geringste asemteug van U mond hierdie booswigte net so maklik soos strooi in die lug kan verstrooi, soos U in staat was om die see te gebied om ons as `n vaste ondergrond te dra. Met al my mag, wat seker nie te gering is nie, is ek maar `n swak mens teenoor U, maar tog is ek met die laaste man en die laaste druppel bloed tot U diens! Hierdie miserabele booswigte sal die stad Genésaret leer ken!"

[9] Toe sê **die owerste** met trillende stem: "Meester hoofman! Waar haal u die bewyse vandaan dat ons slegs gekom het om hierdie Mens te vernietig? Ons het wel gekom om ondersoek in te stel na Hom en te toets, waarvoor mense ons tog onmoontlik kan kwalik neem, maar van vernietig kan tog by Elohim geen sprake wees nie! U kan nou maklik praat, want u het al voldoende geleentheid gehad om Hom deur Sy dade en spraak te leer ken; maar ons het behalwe die huidige wonderbare genesing nog maar weinig gehoor en gesien, waarby u seker nie sulke menslike bedreigings ingereken het nie. Dit sou ons dan ook, omdat ons in `n sekere sin nog heeltemal vreemd in hierdie saak is, geoorloof moet word om langer by hierdie Wonderdoener te bly!

[10] Dat ons as mense van die tempel op `n reeds wankelrige bodem staan, is egter nie aan ons onbekend nie, maar ondanks dit is dit tog beter as heeltemal geen bodem nie, en die staat moet dit só lank beskerm tot Elohim miskien vir `n deegliker een sorg! Daarom vra ek u om ons nie dadelik met die swaard te dreig as ons maar net met die wonderdoener JaHshua `n paar woorde gewissel het nie! Laat Hy nou maar doen wat Hy wil, en leer en predik, sodat ook ons daarvan meer gewaar word as wat ons slegs van hoorsê en deur baie verkeerde berigte verneem het. As ons sien dat dit waar is, dan sal ons ook tot `n ander beoordeling kom as wat ons

tot op hede kon gekom het! Want so dom is ons nou ook weer nie en ons hart is nog steeds goed in staat om `n regverdige oordeel te vel."

[11] **Die hoofman** sê: "Die weiering van die gevraagde getuienis praat nie ten gunste van die regverdigheid van julle harte nie, inteendeel! Ex trunco non quidem mercurius ('`n standbeeld het nog nooit tot lewe gekom nie!') - maar ons sal weldra sien!"

### *Die drie dokumente*

**125** Toe roep Ek almal van die volk byeen, wat deels bestaan uit die geneesde mense en deels uit taamlik baie inwoners vanuit die stad, wat op hierdie dag voor die sabbat af gehad het.

[2] Nadat die volk almal ingekom het en die saal byna vol was, sê **Ek** aan die volk: "Hoor toe en luister goed! *(Matthéüs. 15:10)* Wat by die mond ingaan, verontreinig die mens nie, maar wat die mond verlaat, verontreinig die mens. *(Matthéüs. 15:11)* Om met ongewasde hande brood te eet, verontreinig geen mens nie. Dit sê Ek vir julle almal en daarmee hef Ek vir ewig die mensgemaakte bepaling op!" - Toe begin die hele volk te juig en om My te prys.

[3] Maar toe kom **die leerlinge** na My toe en sê: "Het U opgemerk hoe vreeslik die fariseërs hulle vererg het toe hulle hoor dat U dit gesê het?" *(Matthéüs. 15:12)*

[4] Ek antwoord **die leerlinge** met `n harde stem: "Alle plante wat My hemelse Vader nie geplant het nie, word uitgeroei. *(Matthéüs. 15:13)* Laat hulle gaan! Hulle is blinde leiers van blindes. Maar as `n blinde `n blinde lei, val beide sekerlik in `n sloot! *(Matthéüs. 15:14)* Hulle kan hulle vererg soveel as wat hulle maar wil, want hul vader is `n ander een as ons s`n. Ons Vader is bo - en hulle s`n is benede!"

[5] Toe **die fariseërs** dit hoor, word hulle geel, groen en vuurrooi van toorn en woede, en die owerste sê, weliswaar met bewende stem: "Ons het genoeg gehoor! Hy het teen Elohim en ons gelaster! Nou weet ons met wie ons te doen het, en wie hierdie JaHshua vanuit Násaret is! Laat ons daarom hier weggaan en aan die hoëpriester presies vertel wat se mens hierdie Násarener is!"

[6] **Die hoofman** sê: "Mense soos julle kan wel `n stad inkom as hulle dit self wil, maar die weggaan is na gelang van die wil van die maghebbers oor die stad! Julle kan wel vinnig sê: 'Laat ons weggaan!', maar dan kom die maghebber julle tegemoet en sê: ***'Julle bly***!" - Die laaste woorde word met donderende stem toegebulder.

[7] Vir die laaste woorde: ***'Julle bly***!' skrik die fariseërs dan ook sodanig dat hulle almal doodsbleek word, hulle begin te bewe en kan geen woord meer uiter nie.

[8] Toe **die hoofman** sien dat sy toespraak `n ontsettende indruk op hulle gemaak het, sê hy verder: "Vóór ek julle laat vertrek, sal ons nog baie met mekaar te bespreek hê en eerstens sal julle nog in die teenwoordigheid van die volk `n paar kontrakte en `n getuienis met julle handskrif moet onderteken. Maar sowel die kontrakte as die getuienis is sake van lewe en dood! Verstaan dit goed! Want as ek deur my skerp oplettende spioene te wete sou kom dat julle ook maar één punt van die kontrakte nie gehou het nie, dan is julle dieselfde dag nog dood, ook al sou julle julleself agter duisend tempels verberg!"

[9] Toe laat die hoofman dadelik deur sy dienaars skryfgerei naderbring en skryf die volgende: **'Kontrak nr. 1:** Diegene wat dit waag om oor JaHshua van Násaret ook maar één beledigende woord te sê, hetsy onderling of teenoor `n vreemde, wat onmiddellik ontdek sal word, val onder die oordeel en kry die doodstraf! - **Kontrak nr. 2:** Diegene wat hulle oor alles wat hulle hier ervaar het, in Jerusalem en in die tempel ook maar één woord laat val en JaHshua die Meester `n slegte getuienis gee, hetsy in die tempel of in `n ander huis, val onder die pynlike oordeel en vervolgens kry hy die mees folterende doodstraf! En laat niemand hom sus met: 'Dit sal tog helaas nie uitkom nie!' Soos reeds gesê, op dieselfde oomblik dat julle ook maar één woord sal vertel waaroor julle volgens die twee kontrakte moet swyg, sal my spioene dit te wete kom en daar sal met julle gebeur wat in hierdie kontrakte beloof is!"

[10] Toe skryf die hoofman die getuienis, wat lui: 'Ons beken hieronder almal, met ons handtekening as bewys van waarheid pro memoria aeterna (ter ewige herinnering), dat ons die bekende roof van die keiserlike belasting en skatte uit die Pontus en uit Klein-Asië begin het, en deur `n baie skandelike lis die brengers daarvan ontneem het, maar by die vervoer na Jerusalem in Kis deur JaHshua van Násaret ontmasker is, dan nie mondelings nie, dan tog deur sy invloed. Ons sou weliswaar deur regter Festus gesamentlik ter dood veroordeel gewees het - maar JaHshua van Násaret het vir ons opgekom en ons het ongedeerd daarvan afgekom! - Vir hierdie waarheid staan ons met ons lewe in!'

[11] Toe die hoofman hierdie drie stukke geskryf het, lees hy hulle heel rustig aan **die fariseërs en skrifgeleerdes** voor. Na elke reël word hul gesigte langer en langer, en toe hy die getuienis voorlees, hef hulle hul hande ten hemele en roep: "Wat, moet ons dit onderteken?!"

[12] **Die hoofman** sê: "Ja, dit is die suiwer waarheid! Wil julle dit egter nie doen nie, dan staan daar reeds geregsdienaars, voorsien van roede, gésels en skerp byle!" - Toe kyk die fariseërs om en ontdek die skrikaanjaende manne. Daarop vra hulle ook dadelik sonder teenspraak vir skryfgerei. Die hoofman wys hulle nog daarop om dit in hulle ware name te onderteken, omdat `n valse naam elkeen die dood sou bring. Vervolgens onderteken hulle met hul ware name, en diegene uit die volk wat kon skryf, moes as getuies teken

[13] Toe die drie dokumente aldus in orde was, sê **die hoofman**: "Nou het ek wat ek al so lank en so graag van julle wou hê, en julle weet nou wat ek het. Waarop julle moet let, weet julle ook en dus is ons klaar. Nou mag julle maar gaan waarheen julle wil! Tot aan die grens kry julle `n gratis geleide!"

[14] Hierdie fariseërs en skrifgeleerdes pak daarop ook dadelik alles bymekaar en binne `n halfuur het hulle Genésaret al verlaat, baie stil, sonder woord of geluid.